

God red die regverdige

Teks: Genesis 18: 16 - 33
Teksters: Genesis 18: 32

1. Inleiding

Nommers het ons tyd baie belangrik geword. Ons ken vandag die mens se fassinatie met statistieke en die beeld wat die vir ons wys. Ook die belangrik rol wat veral statistieke in risiko bepaling en besluitneming speel. Dit is waar ons vanoggend die aartsvader van die Verbond aantref. Abraham is besig om met konkrete statistiek na die Here, die almagtige te kom. Indien daar volgens ons teksters net 10 regverdige mense in Sodom is, sal die Here die stad nie verwoes nie.

Maar hoekom 10, wat maak hierdie getal belangrik. En as ons verder terugbeweeg, wat is eintlik besig om hier te gebeur. Ons weet dat intessesors, voorbidders en verskeie ander vreemde gebruik, graag hierdie vers gebruik. Dit is dikwels vir hulle 'n bewysteks dat daar wel met die Here die almagtige skepper en onderhouer van die aarde geworstel kan en moet word. Maar is dit so eenvoudig.

'n Mens amper so gevoel soos aan die begin van die boek Job. Want dit is so asof die Here ons toelaat om te kyk hoe hy besluit en die wêreld regeer. Amper soos wanneer jou pa of een of ander professionele persoon jou saam vat werk toe. Jy kry die geleentheid om te sien hoe hulle hul werk doen. Dit is presies wat die Here ook sê in vers 17, "Sal ek vir Abraham wegsteek wat ek wil doen?"

Maar die vraag is wat wil die Here doen? Hoe gaan Hy heeltemal regverdig oor die ganse mensdom regeer. Die sonde en komende oordeel oor Sodom in ons teksgedeelte openbaar iets van hierdie regeer. Maar dan is daar ook genade in ons teksgedeelte vandag. Kom ons luister as die Here praat.

2. Abraham wil help

Die eerste probleem wat vir ons in hierdie teksgedeelte opduik is hierdie skynbare normale gesprek tussen Abraham en die Here. En natuurlik is daar ander profete en later Apostels wat ook so aangesig tot aangesig met die Here gepraat het. Maar ons weet dat niemand God die Vader kan sien en steeds bly leef nie, soos wat Eksodus 33:20 dit ook aan ons meedeel. Daarom is dit duidelik dat Abraham eintlik hier al met Christus praat. Dat hy hierdie versoeke aan Hom bring.

En eintlik is daar so bietjie ironie hierin. Want Abraham wil hier as 'n verlosser optree vir Sodom. Daarom het moet Hy ook by die Verlosser pleit. Abraham wil keer dat die stad Sodom vernietig word, natuurlik bly sy broerskind Lot ook in die stad. En dan is dit interresant die manier waarop Abraham te werk gaan in sy onderhandelinge.

Die eerste opvallende saak is dat Abraham nederig is. Hy eis nie eenvoudig wat hy wil hê van die Here af met een of ander towerformulier nie. Abraham praat respekvol met iemand wat duidelik sy meerdere is. Maar dit is die argumentasie lyn wat Abraham kies, wat baie openbaar.

Abraham betwyfel die Here se regverdigheid, deur beide regverdige en goddelose met dieselfde lot te tref. Hy bevraagteken immers presies direk hierdie handeling in vers 35. Maar vir abraham se betoog om te slaag moet daar natuurlik regverdiges wees in die stad. En 'n groot nommer, of groot persentasie sal natuurlik die verweer sterk maak. Daarom begin Abraham ook by 50, maar twyfel of dit sal kan gebeur. Abraham moet uiteindelik in ons teksters volstaan by 10. En omdat die Here trou en waaragtig is, en die stad tog verwoes is, is dit vir ons duidelik dat daar nie eers 10 regverdige mense was nie.

Dikwels sit die kerk van vandag met dieselfde eier op die gesig. Ons sien dit

wanneer mense wil baklei teen geloofsvervolging, maar tog nie eers gereeld eredienste bywoon nie. Ons sien daagliks nog dat die kerk erken en toegelaat wil word om seker dinge te gaan doen. Maar uiteindelik is die nommer aktiewe Christen gelowiges vir wie die Christelike geloof die hoogste prioriteit in hulle lewens het, maar min.

3. Dalk net 10

Maar terug by die nommers, hoekom eindig die onderhandelings by 10 regverdige mense. Terwyl die gedagte van vernietiging as gevolg van net vyf mense al deurskemer in vers 28, waar onderhandel word vir 45 mense. Die antwoord op die getal van 10 mense skemer vir ons so bietjie deur in Rut 4:2. Wanneer Boas die lossingsprosedure aan die gang wil sit doen hy die volgende: “hy kom sit Boas en ook tien leiers van die stad gevra om daar te kom sit, en hulle het dit gedoen.”

Hierdie tien leiers so dan 'n minimum stem of corum wees uit die stad wat die besluite kan bekragtig. Ons kan dus aflei dat daar in stad besluite 'n minimum van 10 leiers 'n saak moes ondersteun om dit lewensvatbaar te maak. Daarom wanneer ons by Sodom kom en daar sou 10 regverdige mense wees in die stad, en hierdie 10 so op 'n manier op die stadsraad kon dien. Dan sou hulle teen die afskuwelike dinge in Sodom kon begin optree. En miskien dit dalk kon verander.

Ons kyk ook vandag maklik vas in die mega-kerke en gemeentes. Ons dink dat al die gawes daar versamel is, en dat ons klein sukkelende kerk, nie veel meer kan doen as om te veg vir oorlewing nie. Maar dan is hierdie openbaring uit ons teksgedeelte eintlik 'n groot aansporing. As 'n gemeenskap van gelowiges, bestaande uit slegs 10 lidmate die stad Sodom op die regte pad sou kon lei. Wat sou ons gemeente met meer as 'n 100 lidmate nie eintlik kan doen nie?

Op die einde van die dag belowe die Here ons tog: waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle, in Mattues 18:20

4. Ware verlossing kom

Tog het ons nog nie by die rede gekom waarom daar nie eers 10 regverdiges in Sodom was nie. Afgesien van die verskriklike goddeloosheid wat daar geheers het, kry ons die antwoord in Romeine 3:10: “Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie” wat eintlik natuurlik Prediker 7:20 “²⁰Daar is geen mens op aarde regverdig nie,niemand wat net goed doen en nie sondig nie.” aanhaal.

Maar hoekom is daar dan uiteindelik tog wel een regverdige persoon uit Sodom gered. Lot word regverdig beskou en gered. Om dit te verstaan moet ons terug beweeg na die begin van ons teksgedeelte. Terug by vers 18 sien ons die konteks waarin hierdie dinge gebeur, is Abraham en Verbond. Die Here bevestig weereens in vers 19 dat Hy vir Abraham en sy nageslag uitgekies het. Lot is deel van hierdie nageslag van Abraham wat binne die verbond leef.

Binne die verbond word goddelose mense regverdig gemaak. Want daar was iemand wat voor God die Vader vir ons gepleit het. Die een uit die nageslag van Abraham waarin al die nasies van die aarde gesien is. Ons Here Jesus Christus. Dit is hierdie regverdiging wat by al die ander inwoners in Sodom ontbreek het. Dit is steeds vandag hierdie regverdiging wat ontbreek in mense waarin die Heilige Gees nie werk nie.

Daarom openbaar hierdie teksgedeelte eintlik aan ons dat daar geen regverdiging is, behalwe in ons Here Jesus Christus nie. Want uiteindelik is daar maar een ware intercessor, voorbidder of middellaar. Dit is net ons Here Jesus Christus. Ons verlossing kom net op grond, van wat Hy aan die kruis verwerf het.

5. Slot

Ons kan afsluit deur vir ou laas terug te kyk na die stad Sodom. Ons kan vandag vrag wat is hierdie onheilige geroep wat tot by die Here gekom het uit Sodom. Die antwoord lê veral in die seksuele sondes. Die teen natuurlik seksuele omgang wat ons vind in homoseksuele omgang, en ander perverse seksuele praktyke. Hierdie dinge was so sinoniem met Sodom, dat ons vandag nog in Afrikaans die term sodomie het om juis dit te beskryf.

Tog kan 'n mens nou maklik die morele hoëgrond kies, en sê dat ek darem nie so sleg is nie. Ek meen ek neem mos nie deel aan sodomie praktyke nie, of hoe? Die Here maak dit duidelik oor seksuele sondes in Mattues 5:28: "Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg." Aan die hoe standaard van die Here, is ons nie so maklik onskuldig aan seksuele sondes nie.

Tog geld die oordeel en toorn, van die Here op die einde nie net vir seksuele sondes nie. Dit geld vir al die bepalings van die Here. Daarom die uitspraak waarna ons reeds verwys het, dat niemand werklik regverdig is nie. Want as ons werklik eerlik is met onself, dan hoort ons almal eintlik maar tuis in Sodom. Maar in genade is daar vir ons die groot voorbidder. Die Verlosser ons Here Jesus Christus. Wat met by die Vader pleit. Maar sy pleit het uiteindelik soveel meer gewig as Abraham s'n. Want Hy het Sy onskuldige lewe en liggaam aan die kruis geoffer as losprys vir ons ongeregtighede. Daarom sien die Vader ons nou as geregtig. En uiteindelik word die regverdiges gereg tussen die goddelose uit.

Amen